Ma's-vir-Wellington

# Getuienisbrief

Somer 2017




## Grootskool, hier kom ons!

Drie jaar gelede het hulle as mollige peuters by ons aangekom en nou is dit tyd vir ons kleuters om 'n nuwe hoofstuk in hulle lewens te begin. Ons stuur 69 kleuters uit met 'n skooltas, propvol skryfbehoeftes in die hand en God se belofte van hoop in hulle harte. Ons bid dat die tyd by Ma's-vir-Wellington 'n stewige fondasie gelê het sodat hulle altyd sal onthou hulle is geliefd, kosbaar en deur God op hul naam geroep.

## Thabisa Straatwerkers

Die Thabisa projek fokus op kwesbare vroue wat as straatwerkers werk. Ons vertrou die Here dat elke straatwerker die keuse teen seksuele misbruik sal maak, sal besef dat Jesus genesing bring, haarself waardevol sal ag en deur hul familie liefgehê sal word.

Ons kom weekliks bymekaar met koffie en eetgoed met die doel dat die vrouens gevul sal word met geestelike en fisiese kos wat hul weer met hul families kan deel. Deur te aanbid, die Woord te lees en te gesels oor die lewe, bou ons 'n vertrouensverhouding, waar kwesbare vroue hul lief en leed kan deel en kan groei in die volheid wat ons Vader vir hul wil gee.

## Word 'n Omgee-familie en help ons om Wellington 'n Omgee-dorp te




Deur 'n bydrae van R120 per maand kan jy inspreek in die lewe van 'n kwesbare kind in ons gemeenskap. Ons omgee-kinders leer weekliks van God se liefde en Sy groot plan vir hul lewens. Hulle kry gebalanseerde etes, eindelose liefde en'n veilige omgewing waarin hulle kan leer en floreer.



www.vlphotoart.com

**Hennie van Loggerenberg** het vir ons die mooiste fotos kom neem van alle vrolike gesiggies vir ons 2018 kalender

Bestel joune by
surette.moggee@gmail.com
0834225530

## Nuusflitse



### Vol magies in Desember

Tydens die Desembervakansie, maak ons smullekker huiskos vir ons kinders. Dit gee ons ook 'n kans om seker te maak dat dit nog goed gaan met hulle.



### Ons geliefde *bodyguards*!

Oom John en oom Tommie sorg dat ons terrein skoon en veilig is.



**Cammy Brantzeg** het al die pad van Philledelphia, VSA gekom om te sien waarmee hul gemeente ons kan ondersteun.

Dankie Cammy en die **Hopewell United Methodist Church** gemeente vir jul liefde en toewyding.

### Geseënde Somer-Kersfees!



Ma's vir Wellington
♥Versorg ♥Beskerm ♥Lei ♥Liefde
021 864 1889
admin.mvw@telkomsa.net
www.masvirwellington.co.za
masvirwellington
BANK DETAILS . Bank: ABSA . Account name: Ma's-vir-Wellington . Account no: 919 322 0237 . Branch Code: 632005